

EDITORIAL

VAN DIE REDAKSIE

Bilingualism

From time to time, at the various functions of the Medical Association of South Africa and at official openings of congresses and similar occasions, speakers who are obviously not bilingual, or only barely so, try their best to recognise the fact that there are two official languages in this country by painfully mumbling a few phrases in a language with which they are not fully conversant. We wish they would not do so. It is sad enough that there should still be people who have lived in this country for many years, who are unable to conduct a bilingual conversation, without having the fact advertised in this unhappy way.

It is erroneous to think that those who have to listen to the embarrassing struggles of a speaker making a mish-mash of their mother tongue, feel grateful to him for his stout effort. All they wonder about while the massacre is in progress is how the speaker managed to avoid becoming bilingual for all those years. It is a different matter when an overseas guest makes the effort to learn a few words of Afrikaans. This may be accepted as a friendly gesture, and nobody expects the phrases to be perfect either in grammatical content or in pronunciation, but from our own citizens we expect more than that.

Accents are unimportant, within certain limits. We do have a South African English accent, and there is never any reason to be ashamed of it. Some Afrikaans-speaking citizens may speak English with heavy accents, but again within the limits of understandability this may be excused,

for, after all, some of our most illustrious statesmen had accents that could curl the edges of a sheet of corrugated iron, and yet they were dear to us.

When is a person bilingual? We must not confuse bilingualism with linguistic ability. Pointing a finger, and saying that a certain person makes grammatical mistakes when he speaks whichever language is not his mother tongue, is silly. Very few people are lucky enough to be able to use even their home language with reasonable accuracy, let alone a second one. What we regard as bilingualism is the ability to switch from one language to the other without effort and, above all, to be able to conduct a fast-flowing argument in either language. Distorted efforts on the podium of some congress, when the verbs are shuffled all over the sentence like a pack of playing cards, are not acceptable.

If you cannot do it properly yourself, get someone who can. It is no use saying that to ask someone else to take over the message in the other language would be an admission of monolingualism. If the speaker is not bilingual this fact will, in any case, be apparent the moment he tries to switch languages.

Doctors in this country should at least be bilingual, but preferably multilingual, since we cannot deny the existence of other groups who do not speak English or Afrikaans at home. But be that as it may, we are tired of sitting on the edges of our chairs with sweating palms, waiting for the clanger to drop, or trying to find our way through a maze of twisted words and tortuous grammar. It is a bore—let us have no more of it.

Die Wetenskap en die Mediese Vereniging

Die Mediese Vereniging van Suid-Afrika is 'n wetenskaplike vereniging. 'n Mens is soms geneig om dit uit die oog te verloor. Die Federale Raad en sy komitees is voortdurend besig met werksaamhede wat van die grootste belang vir sowel die publiek as die dokters is, en dit ly geen twyfel nie dat die Vereniging hom uitmuntend van sy taak as waghond oor die belange van die beroep kwyt. Die afgelope aantal jare was veral stormagtig, want skaars het ons die een wetgewing afgehandel of 'n volgende steek weer sy kop uit, en die een is so kontensieus soos die ander. Die pad vorentoe lyk op die oomblik ook maar kronkelrig, en dit lyk of ons probleme sommer so in die rûens in verdwyn, soos 'n plaaspad wat g'n ent wil kry nie.

Met al die gespartel en gespook en die persberigte wat dit tot gevolg het, is daar mense, dokters en die publiek eweneens, wat vergeet dat ons aan 'n mediese, wetenskaplike vereniging behoort. Elke twee jaar as ons 'n groot kongres hou, soos aanstaande jaar weer die geval sal wees (en dit sal boonop 'n uithangerige affêre word want dit is die 50ste), word ons weer daaraan herinner dat ons eintlik met die mediese wetenskap doenig is, en dat dit siek en gesonde mense is wat ons ons lewenstaak gemaak het. Dan lewer slimmes referate en minder slimmes luister en word wys. En die baie slimmes stry oor en weer met mekaar. Ons hier van die *Tydskrif*kantoor woon ook talle van die lesings by en sit oopmond en wonder wat met ons opleiding verkeerd geloop het dat ons geen duit van die bespreking verstaan nie. Dit maak egter nie saak nie—dit is andere wat moet verstaan en absorbeer en hopelik ook met sukses toepas.

Afgesien van die groot kongresse, is daar ook kleinere byeenkomste van die spesialistegroepe, en dan word daar diep in die wetenskap ingegrawe,

want by sulke geleenthede is daar nie ander dissiplines wat in aanmerking geneem word nie en die referate kan uit die boonste rakke gehaal word. Dit is egter steeds vergaderings binne die raamwerk van die Mediese Vereniging, die moederliggaam, en die groepsorganiseerders moet dit tog asseblief nie uit die oog verloor nie. Ons het eenkeer by 'n groepkongres hierdie saak so ligtelik aangeroer, net om te hoor dat die verrigtinge nie juis vir die Mediese Vereniging as sulks van enige belang sou wees nie, omdat dit kwansuis suiwer wetenskap is wat bespreek is met geen aspekte van mediese politiek daarby nie! Asof mens oor siektes en siek mense buite die Vereniging moet praat, en die moederorganisasie eers bygesleep kan word wanneer daar gewonder word hoe die pasiënt vir al die kennis gaan betaal.

Takke van die Mediese Vereniging is veronderstel om gereelde vergaderings te hou, en die meeste doen dit. Daar is 'n paar takke wat tragerig is en dinge laat slap lê, maar ons wil nie nou oor hulle skryf nie. Die probleem is nie om die vergaderings te belê nie, maar om dokters te kry om hulle by te woon. Praat oor gelde, en jy het 'n stampvol saal. Praat oor Cushing se siekte en daar sit 'n paar kollegas in die voorbanke wat iedergeval waarskynlik self geesdriftige literatuurlesers of navorsers is en dus die aangebode kennis skaars nodig het.

'Ons het nog nooit enige sin daarin gesien om lede van die Mediese Vereniging te wees nie', sê sommige kollegas, 'want die Vereniging kan niks vir ons doen nie.' Dat die Vereniging niks kan, of erger nog, niks wil doen nie, is in die eerste plek louter bog, maar die bewering is nog meer onsinnig omdat dit veronderstel dat kliniese of wetenskaplike geneeskunde buite die bestek van die Mediese Vereniging se werksaamhede val.